

AANKONDIGINGE

Nuwe lidmate

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate by Stellastraat –
Frikkie Brand en Steven Verwey van Stegerstraat 240, Groenkloof Estates.

Indien jy 'n lidmaat wil word, kan jy na die ere diens die predikant by die Nagmaaltafel ontmoet en jou inligting in die Nuwe Lidmate boek invul.

Jy kan ook die kerkkantoor skakel 012 460 8570.



Verjaarsdae 23 - 29 Februarie

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

23 Februarie

Lelanie Coetzee
CJ Deysel
Elza Jordaan
Katinka Joubert
Aletha Laubscher
Marinda Pelsler
Righard Terblanche

24 Februarie

Mus Crouse
Charl de Bruin
Ané du Preez
Dan Kriek
Marinus Mohr
Lisa Reyneke
Adriaan Schoeman
Carla Schreiber
Tiaan van Staden

25 Februarie

Jaco Fischer
Dané Gloy
Jean Hanekom
Vernon Joynt
Gedeon Rossouw
Bessie Slabbert
Lara Tredoux

26 Februarie

Kobus Ferreira
Paul Roos
Pero Roux
Emma van Aswegen
Nakkie van der Walt
Ava van Dyk
Fay van Eeden
Hennie van Staden
Heinrich van Wyk
Lourie Yssel

27 Februarie

Lize Bernard
André de la Port
Gerhard du Plessis
Megan Higgs
André Kleynhans
Kayla König
Bokkie le Roux
Kevin Mears
Coreen Swanepoel
Amelia van der Merwe
Willem Vorster

28 Februarie

Ivan Ackermann
Gawie de la Bat
Kaylin Denton
Nakkie le Roux
Christoff Lombard
Johan Lubbe
Alet Roux
Ernie van der Merwe
Adrian van Rensburg
Alexander van Rensburg
Desiré Willemse

29 Februarie

Inge Breytenbach



Erediensversorgers - 1 Maart

08:30	10:00	18:00
Hein Hamann (Koördineerder) André Botha Bennie Coetzee Ria Coetzee Cathy Pretorius Estelle Taljaard Zettie Campher Neels Campher	Altus Lambrechts (Koördineerder) Alex Bosman Graad 2	Zak Lombaard (Koördineerder) Graad 10

Deurdiens - 1 Maart

08:30	10:00	18:00
Heinrich & Lita Regenass	Tersia Kruger Graad 2	Anje Kellerman Graad 10

Teespan - 1 Maart & 8 Maart

1 Maart	
08:30	10:00
Machteld Postumus	Huis 8 - Marlene vd Merwe Cathy Pretorius
8 Maart	
08:30	10:00
Lizelle & Olaf Larson Anna Maria & André Laas Lita & Heinrich Regenass Elma de Bruin	Haya & Cobus van Marle Saré Grobler

NG Gemeente Stellastraat

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Stellastraat 158
Waterkloof
0181
www.stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005



Aswoensdag – 'n spirituele geleentheid

Woensdag begin die jaarlikse siklus van sewe weke waarin Christene oor die hele wêreld dink aan die aardse lyding van Jesus. Elke een van die sewe weke het 'n tema, 'n tema wat die pad volg tot Goeie Vrydag, wanneer ons aan die kruisiging dink.

Tydens die Aswoensdag-diens kry ons elkeen geleentheid om introspeksie te hou. Ons kry kans om somme oor ons eie lewe te maak en dan te dink oor wat Jesus se lyding vir ons beteken. 'n Wonderlike spirituele geleentheid!

Ons het net te veel geword om in die kapel in te pas, daarom is ons Aswoensdag-diens Woensdagaand 19:00 in die kerkgebou. Vanjaar se diens word deur James gelei.

(Daar is geen verband tussen Aswoensdag en die nasionale begrotingsrede wat Woensdag in die parlement gelewer word nie! Smaail tog asseblief!)

è tempo di applausi! Brummnet vandag in die erediens

Tydens vandag se 08:30 erediens tree die Italiaanse mannekoor Brummnet, onder leiding van Johan van der Sandt op! Ons is so bly om hulle hartlik te verwelkom! Eerstens omdat Johan 'n oud-lidmaat van Stellastraat is, waarop ons baie trots is. En natuurlik omdat ons bevoorreg is om een van die beste kore van Europa vandag in ons midde te hê.

Na die diens gaan ons, ons gaste trakteer op lekker tradisionele koeksisters en melktert en die gemeente kan sommer saam geniet. Dankie vir elkeen wat gebak gebring het.

Vanaand hou James die soeklig vas

Vanaand 19:00 tydens die Soeklig byeenkoms gaan James vertel van hoe hy die Bybel lees en verstaan. En waarmee hy sukkel as hy met die Bybel werk. Dit gaan gebeur in die vierde geleentheid van ons Soekligaande waartydens die dominees van Stellastraat hulle verhaal met die Bybel vertel.

Eredienstye	23 Februarie 2020	1 Maart 2020
08:30 Erediens	Anton Pienaar	James Kirkpatrick
10:00 Erediens	Tienie Bosman	Tienie Bosman
15:00 Faith Community	Peter Maruping	Peter Maruping
18:00 Erediens	James Kirkpatrick	Fay van Eeden
18:00 Adoramus	Anton Pienaar	Anton Pienaar

Datums om dop te hou!

23 Februarie 2020
19:00 Soeklig

26 Februarie 2020
Aswoensdag
09:00 Bybellees
19:00 Aswoensdagdiens

27 Februarie 2020
19:00 Jong volwassenes
kuieraand

1 Maart 2020
1ste Lydensweek
Uitreiksondag
19:00 Soeklig

4 Maart 2020
09:00 Bybellees

6 Maart 2020
Wêreldbiddag vir vroue

7 Maart 2020
Operasie Restorasie

8 Maart 2020
2de Lydensweek
19:00 Soeklig

11 Maart 2020
09:00 Bybellees
19:00 Bottel-
en bordaand

Bybellees Woensdag 09:00 Gierig-wees en bid gelyk?

Om die boek Jakobus te lees is om baie naby aan jou eie lewensgewoontes te kom. Dit gaan nie minder so wees eerskomende Woensdag nie. In Jakobus 4 lees ons dat ons moet bid en dat ons nie gierig moet wees nie. Maar op 'n manier is ons aan al twee skuldig.

Wat is gierigheid regtig? Mag ek nie wens om ook iets te hê of ervaar nie? Is dit gierigheid? En mag ek nie bid oor iets wat ek graag wil hê nie? Lees gerus Jakobus 4, dink daarvoor na en kom dink verder saam oor die saak Woensdag 09:00 in ons Bybellees geleentheid.

Daar is twyfel oor jonges se braaivermoë

Is dit moontlik dat die jong mense van Stellastraat nie kan braai nie? Is hulle bederf? Moet hulle pa's en ma's nog die braaiwerk doen? As dit nie so is nie, dan moet hulle hulself kom bewys!

Donderdagaand 27 Februarie in Stellastraat se lushof met sy groot 'verlangende' braaiers. Dan is daar 'n geleentheid om jouself te bewys. Jy betaal net R50 om te kom deelneem en jy hoef niks saam te bring nie. Jy moet net jou naam op die lys in die Kerkkantoor skryf, of vir Fay laat weet jy kom.

Wat van dié wat agterbly? Bottel- en bordaand 11 Maart

Op Woensdag 11 Maart gaan ons praat oor almal wat agterbly. Daar is so baie gesinne wie se kinders, ouers of familie na die buiteland ge-emigreer het. Wat gebeur met die wat agterbly? Dr Sulette Ferreira is 'n kundige wat met emigrasie werk en het baie navorsing gedoen oor die onderwerp. Tydens die bottel- en bordaand van 11 Maart gaan Sulette vir ons vertel wat die afgelope dekade gebeur het, en hoe mense die weggaan hanteer.

Wêreldbiddag vir vroue

"Staan op! Neem jou slaapmat en loop" so is Jesus se opdrag ook vir jou. Jy word hartlik genooi na die 90ste Wêreldbiddag viering met gebed en musiek op Vrydag 6 Maart om 10:00 by Groenkloof NG Kerk, van Wouwstraat 75. Die tema is voorberei deur die vroue van Zimbabwe. Spreker: Dr Bernice Serfontein
Navrae: Magda van Graan 082 413 7185

Kom stap saam op die Kingdom trail! 20 Maart

Tydens die naweek van 20 Maart gaan 'n klompie van Stellastraat se jong volwassenes (van hulle jonger as ander) die *Kingdom trail* twee dag staptoer doen in Mpumalanga. Ons gaan Vrydag middag ry en die aand naby ons karre oorslaap. Saterdag oggend gaan ons stap tot by die hut waar ons gaan oorslaap en ons behoort Sondag middag terug in Pretoria te wees.

Daar is nog plek, as iemand sou belangstel om saam te kom. Al buitengewone toerusting wat jy gaan benodig is 'n slaapsak en 'n rugsak. Geen tente is nodig nie want ons gaan in hutte slaap en tekkies sal voldoende wees. Kontak vir Willem op 084-845-8936 of willemwannenburg@gmail.com vir verdere inligting.

Projek **Plus 1** vra weer dat jy daardie ekstra bord kos na die kerk sal bring, sodat ons vir persone wat met honger aanklop by die kerk kan gee. Jy kan gerus in die binnehof 'n melamenbord neem as jy daarmee wil help.



Baie welkom aan *Johanru Pieterse*, en aan al die familie en vriende!

FW se opmerking. Wantrou vernietig.

- Anton Pienaar



Die mees vernietigende emosie is wantrou. Wanneer getroudes mekaar begin wantrou ontstaan daar 'n kloof. Wanneer daar goeie redes is waarom egliedes mekaar kan wantrou, word die kloof dikwels permanent.

Oudpresident FW de Klerk se opmerking op die dag van Staatspresident se jaarlikse *Dit is hoe dit in die land gaan*-toespraak, het emosies van wantrou op 'n ongekende skaal los gelaat. Ek wil nie op die meriete van sy opmerking ingaan nie, maar die rimpelings daarvan gaan nog lank gevoel word.

Suid-Afrika is vir die afgelope vyftig jaar plus reeds in die wêreld se visier omdat apartheid by ons in 'n politieke struktuur vergestalt het. Hoe ons daarvoor dink, of wat ons voel en weet wat eintlik agter die bedoeling van afsonderlike ontwikkeling was, maak nie eintlik vandag meer saak nie. Dit maak ook nie saak of rasse vooroordeel in Europa en Amerika ook gebeur het nie. Wat vir die wêreld die sondebok geword het, is die klompie wit mense wat aan die suidpunt van Afrika kom vestig het, en wat in hulle strukture die inheemse inwoners van Afrika onwaardig behandel het.

Die struktuur van apartheid is sedert die vrylating van Oudpresident Mandela afgebreek en hyself was 'n voorstander vir 'n Suid-Afrika wat plek het vir almal. Biskop Desmond Tutu het die reënboognasie gevisioneer. Daarmee is gekonstateer dat die wit bevolking wat reeds vir elf generasies in Suid-Afrika is, ook Afrikane is, en dat hulle deel bly van die lewe en ontwikkeling van Suid-Afrika.

Verskeie individue en groepe uit die wit gemeenskap het hulle spyt uitgespreek oor wat apartheid aan mense gedoen het. Die NG Kerk ook. Meer nog. Die meeste mense uit die wit gemeenskap het swart mense se hande gevat en op baie maniere probeer help om waardigheid en gelykheid vir almal te herstel. Daar is wonderlike verhale van wat mense doen en gedoen het. En die resultaat daarvan het reeds 'n veranderende samelewing begin meebring. Al gaan dit met stampe en stote, treetjie vir treetjie het mense mekaar meer begin vertrou en saam oor die toekoms begin dink.

Ongelukkig het agitators en wraakgieriges van alle kante die gang van vrede altyd beleër. Daar was steeds by verskeie groepe en individue wantrou. Wantrou oor die geloofwaardigheid van die wit groep se spyt, maar ook wantrou by wit mense teenoor die swart elite se werklike omgee vir hulle eie mense en of hulle werklik die land wil opbou. Baie swart elite dink aan hulleself en wanneer die armes steeds swaarkry wys hulle die vinger gerieflik na apartheid.

In dié konteks met mnr. De Klerk se opmerking skade gedoen. Al het hy dit nie bedoel nie. Sy opmerking was soos manna vir die wraakgieriges. Wantrou lewe. En wat gaan die gevolge wees? Gaan daar hernude pogings wees om mekaar te probeer vertrou? Of gaan mense al meer in hulle eie groepe terugtrek, of probeer om uit die land uit te kom. Ons het hemelse wysheid en ingrype nodig. Wantrou vernietig.

Adoramus in die Kapel

Sondagaand om tien voor ses vir sesuur lei **Anton** ons diens. Hy skryf: "Die magtige teenwoordigheid van die Here. Ons gaan Eksodus 24:12-18 lees en nadink oor Moses se ervaring van die Here op die berg."

Biblioteek

'n Toegewyde Moslem se ontmoeting met Christenskap. *In Seeking Allah, Finding Jesus* vertel **Nabeel Qureshi** van sy dramatiese reis van Islam na Christenskap, die storie van die botsing tussen hierdie gelowe in een man se hart en die vrede wat hy uiteindelik in Jesus gevind het. Vind hierdie nuwe boek in die **Jb-afdeling**.

Ons luister na mekaar

'n Ringsbyeenkoms word op **5 Maart 2020 vanaf 18:30** by Lynnwood Gemeente gehou. Die tema is: **Jeugvriendelike gemeentes wat nie vasdraai in die kultuurstrikke van ons tyd nie, maar 'n vrugbare ruimte bied waar kinders, jongmense en volwassenes as deel van die geheel gevorm word om deel te wees van en deel te neem aan die koms van die koninkryk.** Ds. Johan Avenant sal by die geleentheid as inleier en fasiliteerder optree. Ons wil soveel as moontlik verteenwoordigers uit die gemeente by die geleentheid saamtrek. Daarom wil ons jou ook graag uitnooi. 'n Ligte ete sal bedien word. Laat weet asseblief vir Tienie (083 627 5086) voor of op 2 Maart of jy die byeenkoms gaan bywoon.

Jy moet hierdie datum met 'n verkwans merk!

Op 7 Maart 2020 gaan Stellastraat restoreer. Ons gaan hierdie jaar met ons verkwaste en hamers 'n verskil maak by PEN in die middestad. Al die inligting sal volgende week op die gemeente se webblad beskikbaar wees. Kontak gerus vir Fay as jy wil saamkom.